

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

April 2010 **Nommer 90**

INHOUDS OPGAWE

**Onheilige egtheid en
onegte heiligheid ...1**

Buite die laer ...3

**Luther oor geloof en aan-
vegting ...4**

**Seksuele opvoeding van
die ouer jeug I ...5**

ONHEILIGE EGTHEID EN ONEGTE HEILIGHEID

J van Benthem

Outentiek wees. Eg wees. Hoe 'n mens iets ervaar en beleef is die hoogste norm. Laat ons tog nie meer vra hoe dinge behoort te wees nie, maar eerder hoe dit deur iemand ervaar word.

Sien ons dié tendens ook in die kerk?

Ek sou amper wou sê: natuurlik. Ons staan in die samelewing en dus hoef ons nie te dink dat dit wat om ons heen gebeur, aan ons verby gaan nie.

'n Simptoom van die tendens in die kerk kan wees dat daar gesê word: "Ek voel nie aangesproke in die kerk nie, dit gaan nie oor my nie, die preke is te hoog vir my." Natuurlik kan die probleem ook werklik by die preke lê. Maar dis ook moontlik dat die vraag na wat die Here se wil is, nie meer by die luisteraar sentraal staan nie. Die enigste belangrike ding is dat die preek moet aansluit by die ervaring. Of die preek aansluit by God se Woord, kom dan in die tweede plek. Hoe ervaar ek dit, is belangriker as: hoe wil die Here dit.

En as mense al hoe minder aandag gee aan hoe hulle lewe lyk in die lig van God se Woord, is dit ook nie onverwags as hulle op 'n dag sal sê dat God se Woord glad nie meer iets vir hulle beteken nie. Dit maak sin. Want as die praktyk van jou lewe, hoe jy daaraan gestalte gee en hoe jy dinge ervaar en beleef, al vir 'n lang tyd die hoogste maatstaf is, dan word God se Woord ook al hoe 'vreemder' vir jou.

Maar daar is nog baie duideliker simptome. Ampsdraers sien in die kerk onheilige praktyke wat verdedig word met 'n beroep op: so ervaar ons dit nou eenmaal. Byvoorbeeld 'n paartjie wat saamwoon: "Ons verhouding is so mooi (ons ervaar dit as so mooi), dit kan tog nie verkeerd wees nie?"

En ons hoef nie te probeer om iemand wat so iets sê, tot 'n ander gedagte te bring nie. Niemand mag iets daarvoor sê nie. En wanneer jy dit wel doen, begaan jy 'n groot sonde. Jy betree heilige terrein, naamlik die terrein van hoe die spesifieke persoon op daardie moment die dinge beleef.

Ek stel dit oordrewe, maar dit is soms nie ver van skaamtelose onheilige egtheid af nie. “Egte ervaring” het dan ‘n afgod geword, omdat mense nie oopstaan vir korreksie deur die Woord van God nie.

Ek is seker dat baie mense die onheilige ervaring, die onheilige egtheid, saam met my afwys. Miskien is u vas oortuig dat ons sterk hierteen moet optree. Tog kan ‘n mens in jou bestryding daarvan, groot foute maak. En ek dink ons moet, in die bestryding van die onheilige egtheid, oppas daarvoor om in ‘n ander uiterste te verval, naamlik dat ons alle egtheid oorboord gooi.

Onheilige egtheid

Ek wil probeer duidelik maak wat ek met daardie ander uiterste bedoel. Daar word, uit afkeer van die onheilige egtheid, net al hoe meer gepraat oor hoe alles behoort te wees. Of ‘n mens stel God se gebooi sodanig sentraal, dat dit die enigste werklikheid word. En dit beteken dikwels dat eerlike vrae *in die kiem gesmoor word*. Twyfels oor sekere dinge mag byna, maar eintlik glad nie ter sprake kom nie. Moeites waarmee mense werklik worstel, word nie ernstig opgeneem nie. Vir vrae, twyfel en moeites is daar eintlik nie plek nie. Dit mag slegs gaan oor hoe dit alles behoort te wees.

En ek moet eerlik erken: ek kom nogal heelwat jong mense teë wat die gevolge van so ‘n opstelling dra. Hulle het opgegroeï met die idee dat vrae oor Skrif en Belydenis nie eers *gestel* mag word nie. Asof die stel van vrae al ‘n doodsonde is. Selfs vrae oor sake wat maar net te make het met ‘n bepaalde kerklike gedragskode, is op so ‘n manier afgewys dat die jeugdige vraagsteller totaal ontugter is. Asof hyself verwerplik geword het. Dit is die indruk wat hulle gekry deur die verskriklike fel reaksie op hul vrae en twyfel.

Ek het dit self ondervind. Op bepaalde vrae het ek vreeslik geïrriteerd en soms selfs ronduit kwaad gereageer. Agteraf moes ek erken dat die fel reaksie nie voortgekóm het uit liefde vir die Here nie, ook nie uit opregte betrokkenheid by die vraagsteller nie, maar uit angs dat my eie sekerheid oopgestel sou word. Ek was, deur so oordrewe te

reageer, feitlik besig om die vrae by myself weg te skuif, en eintlik te ontken. Uit angs. Ek wou dit nie eerlik onder oë neem nie. Vandaar die vreeslike krampagtige reaksie.

Dit is tog iets waarop ons bedag moet wees. Vanweë die slegte gevolge daarvan. Wanneer ons praat oor hoe behoort te wees, wanneer ons maak asof God se gebooi die enigste werklikheid is, en eerlike vrae vermy word, dan het ons groot kans om in ‘n klimaat van skynheiligheid te beland. Onegte heiligheid. Dan bevorder ons met en teenoor mekaar ‘n bepaalde leefpatroon, terwyl binne die hart onheil broei. Laasgenoemde versteek ons sorgvuldig agter ‘n muur wat deur kunsmatige vorme regop gehou word. Ons steek dit weg vir mekaar. Dan kry jy by. huisbesoeke waartydens baie gepraat is oor hoe die norm lyk, terwyl jy met ‘n onbevredigende gevoel van mekaar afskeid neem. Want jy voel dit aan: hier speel baie meer. Hier leef baie meer. Dit was nie eg nie. Nie eerlik nie. Die mense het nie met hul werklike moeites gekom nie. Dit wat hulle werklik besighou het nie ter sprake gekom nie. ‘n Mens kan dit skynheiligheid noem.

So iets word nie slegs streng deur die Here verbied nie, maar is in feite ook die doodsteek vir ‘n opregte omgang met mekaar.

as die praktyk van jou lewe al vir ‘n lang tyd die hoogste maatstaf is, dan word God se Woord ook al hoe ‘vreemder’ vir jou.

Heilige egtheid

Ek pleit vir wat ek ‘heilige egtheid’ noem. ‘n Egtheid wat binne ‘n Bybelse raamwerk funksioneer. ‘n Kenmerk van hierdie egtheid is dat jy nie vrae verdring nie. Nie by jouself nie. Nie by ander nie. Maar juis die vrae by jouself eerlik onder oë neem en ‘n ander ‘n kans bied om daarmee vorendag te kom, sonder dat die persoon die gevoel kry dat hy/sy volstrek afgewys word.

Iemand wat uiting gee aan twyfel oor daardie dinge wat algemeen aanvaar word, maak homself baie kwesbaar. Hy lê sy eie onsekerheid voor die ander

Wat word aan die mens gegee in die evangelie? Dit is nie die moontlikheid tot verlossing, of ‘n geleentheid vir verlossing nie. Wat gegee word is verlossing. - John Murray

neer. Doen dit maar 'n slag. Dit vereis baie van 'n mens!

Tegelykertyd mag van diegene wat dit doen, gevra word dat hy dit inderdaad op só 'n manier doen dat dit blyk dat hy deur die Here gekorrigeer wil word. Soms bring mense hierdie vrae en twyfels wat met die Bybel en die gereformeerde leer te make het, nie as vrae nie, maar as standpunte wat nie verder bespreek mag word nie. So 'n arrogante opstelling is nie bevorderlik in 'n klimaat waarin ons, as beperkte en in onself onbetroubare mense, ons houvas soek by ons betroubare God nie. Terwyl ons in daardie klimaat van die heilige egtheid, altyd groei kan verwag. Want die volle doel bereik ons in die lewe hierna: die volmaakte heiligheid.

BUTE DIE LAER

*Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.
(Hebreërs 13:13)*

C van Breemen

Buite die poort van Jerusalem het Jesus gely – so leer die brief aan die Hebreërs ons. Hy is immers buite die poort tereggestel. Die stad mog nie verontreinig word deur bloed van 'n tereggestelde nie. So het Jesus die dood gesterf van iemand wat uitgewerp is, wat met smaad belaa is, wat van eer beroof is. Hy was soos 'n misdadiger.

Vroeër het die Here vir sy volk Israel die erediens van die tabernakel geleer, toe Israel nog in die woestyn gebly het. Op die Groot Versoendag, wanneer die volk, die priesters en die hele tabernakeldiens van sonde gereinig is deur die bloed van stier en bok, moes die lyke van die diere buite die laer verbrand word. Buite die laer. Israel mog nie verontreinig word nie. Op dié manier het die Here die sondesmaad van sy volk weggeneem. En kyk nou mooi hoe ongedwonge die skrywer van die Hebreërbrief die verband trek tussen die sterwe van Christus en die Groot Versoendag. Die sterwe van Christus was immers die Groot Versoendag.

Hy het die smaad van die volk weggedra. Vir altyd. Nou word ons opgeroep om na Hom uit te gaan buite die laer en sy smaad te dra.

Moet ons dan opnuut belas word met die smaad van ons sonde? Nee, nie dit nie. Die smaad het Christus immers al weggeneem. Dit hoef nie weer te gebeur nie. Dit gaan hier oor die smaad waarmee Christus gesmaad is. Die mense het nie verstaan wat Hy gedoen het nie. Die mense het hom gesmaad, omdat hierdie Koning van die Jode nie na hulle smaak was nie.

Dit is die smaad van Christus waaroor dit hier gaan. En so is ons, as dissipels van Christus, dikwels nie na die smaak van hierdie wêreld nie. Omdat ons ons dikwels nie kan verenig met 'n houding van ongeloof nie. En omdat ons nie saam kniel voor die vele afgode van hierdie wêreld nie.

Christus het aangehou toe Hy gesmaad en bespot is. Want Hy het geweet watter doel Hy sou bereik: die verlossing van sy dissipels

Terwille van ons redding het Christus daardie onbegrip verdra. Hy het aangehou toe Hy gesmaad en bespot is. Want Hy het geweet watter doel Hy sou bereik: die verlossing van sy dissipels. Daarom moet dit vir ons 'n eer wees om standvastig te bly as ons gesmaad sou word.

Vir die smaad hoef ons nie bang te wees nie. Want daar, waar Hy die dieptepunt van vernedering bereik het, daar het Hy die fondament van ons redding gelê. As ons op daardie fondament staan: dan raak smaad en spot ons nie.

Wel lê die fondament van ons behoud buite die laer. Dit wil sê: 'n Messias aan die kruis is vir vele onaanvaarbaar. So 'n Messias verwerp hulle. Maar vir so 'n Messias skaam ons ons nie. Inteendeel: As die Heer van Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster, is Hy ons Redder. By Hom alleen vind ons ons behoud.

All great art is the expression of man's delight in God's Word, not his own.

- John Ruskin

LUTHER OOR GELOOF EN AANVEGTINGE

F van der Pol

Luther het eenmaal gesê: Hoe groter Christen, soveel meer aanvegtings. Al het ons God se Woord en al wil ons in Hom glo, tog verloop ons lewe nie sonder sonde nie. Aanvegtings en versoekings kom steeds op ons af. Ons geloof bly voortdurend onderhewig aan woelinge en stryd.

Aangeval, maar gedoop

Aanvegtinge oorwin jy deur oefening in die *geloof*. Alleen so oorwin ons alle mag van die duiwel en alle angste. Die geloof worstel en wen. En met die oog op die geloof het die Here ons die doop gegee. “Bedink daarom in sulke aanvegtinge dat jy nie meer ’n mensekind is nie, maar ’n kind van God, deur jou geloof in Christus in wie se naam jy gedoop is. Die dood kan nie meer sy angel in jou slaan nie, omdat jy aan Christus behoort. Jy glo in Hom, en is in Hom gedoop. Die dood kan nie meer oor jou heers nie.”

In die arena waar ons die geloofstryd stry, kan die doop ons baie goed help. “’n Burg teen alle aanvegtinge” het Luther die doop genoem. Dit is deur God aangewys as die plek waar sondige mense Hom veilig kan ontmoet.

Soms dink ons dat God ver en vreemd is, onwillig om ons te hoor of te help. Volgens Luther mag ons dan sê: “Here God, U het in u Woord dit belowe. U het u beloftes nie verander nie. Ek is gedoop, ek is deur U verlos.”

Luther het die doop as die gesig van God omskrywe. Daarin hoor ons sy stem. Hy praat persoonlik met ons. In ons aanvegtinge staan Hy ons by.

In die doop lewe

As Luther oor God se aanwesigheid in die doop praat, beperk hy dit nie tot die oomblik waarop die water oor die gedoopte kom nie. Die God van ons doop is lewenslank werksaam. Aanvegtinge ten spyt, mag ons terugkom op wat hy gesê het: “Ek glo in Christus, al sien ek Hom nie. Ek sien niks of

weinig van sy beloftes. Ek voel eerder die teenoorgestelde, maar ek moet bly stry en veg teen wantroue en twyfel. Ek het mos sy doop, die troos van die woord van vergewing”.

Die doop is dus nie ’n eenmalige saak nie. Ons moet die feit dat ons gedoop is, nie in die verlede opsluit nie. Ons hele lewe is ’n lewe in die doop: Die Christelike lewe is ’n voortdurende terugkeer na die doop. Daarom mag elkeen sy doop beskou as sy daaglikse kled, waarin hy leef. Wie sy doop nie gebruik nie, mis dan ook die krag daarvan”.

Die doop is deur God aangewys as die plek waar sondige mense Hom veilig kan ontmoet.

Die blywende krag van die doop

As iemand in sonde val, moet hy des te meer sy doop oordink. Hoe God met hom ’n verbond gesluit het om al sy sondes te vergewe. Die mens moet met vrymoedigheid op hierdie verbond met God ten volle vertrou. Want die doop kom elke keer weer met krag in werking. Hierdie vertroue moet ’n mens met alle krag vashou, ook al stry alles teen hom, val alle sondes hom aan.

Luther het die blywende krag van die doop in ’n Christen se lewe ontdek. Mense met aanvegtinge het hy na hulle doop toe teruggeroep.

Judas het sy Meester verraai met ’n kus. Dit is altyd hoe afgedwaaldes hul Meester verraai: dit is altyd met ’n kus.

- CH Spurgeon

SEKSUELE OPVOEDING VAN DIE OUER JEUG I

JJD Baas

Enkele weke gelede het ons twee artikels oor die seksuele opvoeding van jong kinders geplaas. Dit was veral gerig op die opvoeding van kinders tot ongeveer twaalfjarige ouderdom. Sentrale punte in daardie artikels was: maak die seksuele opvoeding nie los van die res van die opvoeding nie, en laat sien dat liefde en seksualiteit bymekaar hoort. Wat nou voorop gestel moet word, is dat dit wat vir die jong kinders geld, uiteraard ook toegepas kan word op die ouer jeug. Ook by die ouer jeug moet deurklink: seksualiteit kan nie sonder liefde nie. En: hou die gesprek met u kinders aan die gang. Die gesprek oor die geloof, die lewe voor die Here. En daarbinne moet dan ook ruimte wees vir sake rondom die seksuele opvoeding. Moenie die seksuele opvoeding apart sit van die opvoeding, asof dit iets besonders sou wees wat buite die lewe staan nie. Tog sal daar ook sake wees wat by ouer kinders anders lê as by jonger kinders. Dié onderwerpe kom veral in hierdie artikel aan die orde.

Wat is dan anders?

So rondom die twaalfde jaar ontstaan daar groot veranderings in die liggaam en gees van die kind. En die veranderings het baie te doen met seksualiteit. Die liggaam van die kind begin om te groei na die van 'n volwassene. Maar ook op geestelike terrein speel allerlei veranderings 'n rol. Kinders groei nou skielik baie sterk na volwassenheid. Daar kom 'n periode wat ons die puberteit noem. Baie sien hierdie tyd as 'n negatiewe lewensfase: die tyd waarin kinders so moeilik en dwars kan wees. Dit lyk asof hulle teen alles in opstand is. Dit is so ongeveer die growwe brandmerk wat hierdie ontwikkelingsfase van baie mense gekry het. As ons ons kinders goed wil verstaan, sal ons baie meer oor die puberteit moet sê. En dan is daar ook heelwat positiewe dinge wat 'n mens kan opmerk.

'n Tweede groot verandering ten opsigte van jonger kinders, is dat ouer kinders op 'n meer

volwasse, 'n meer gelykwaardige manier, benader wil word. Pa en ma is vir hulle nie meer die mense wat altyd alles beter weet en kan doen nie. Deur jou eie swakte te toon (begrip), wen jy somtyds veel meer as om met die opgehewe vinger te sê: "So hoort dit, so is dit, klaar en punt!"

'n Derde aspek, wat 'n totaal ander benadering vereis as by jonger kinders, is dat die ervaring van seksualiteit vir hierdie leeftydsgroep 'n baie groter realiteit is. Hulle begin met ernstige verhoudings. Hulle soek daarin hul pad. Hulle het daarby ook 'n behoefte om in die soeke na daardie pad, tóg 'n paar rigtingwysers te kry.

Die puberteit

Ons kan onmoontlik in hierdie artikel die hele ontwikkelingsfase van die puberteit bespreek. Hieroor is boeke vol geskryf. Ons beperk ons dus tot 'n paar opvallende dinge.

Met puberteit bedoel ons die lewensfase waarin kinders van 13 tot 17-jarige ouderom hulself bevind. Die periode kan nie so presies afgebaken word nie, omdat dit vir elke kind anders is. By die een kind begin dit vroeër en by 'n ander duur dit langer. Wat is dan die kenmerke van 'n tiener? As jy dit so links en regs vra, dan is die antwoord wat meeste mense gee in die rigting van: "Hulle is in opstand teen alles, gaan hulle eie gang, is onverskillig en onvriendelik".

**Ons kind is op pad na
volwassenheid. Op dié pad is die
kind opsoek na sekerhede**

Laasgenoemde glo ek allermens. 'n Tiener is oor die algemeen glad nie onverskillig of onvriendelik nie. Hy of sy uit hom/haarself miskien wel so, maar agter daardie felheid skuil dikwels 'n persoon wat baie ernstig op soek is na sy eie 'ek'. En wat dan van die opstand teen alle sekerhede, die plaas van vraagtekens agter al die sake wat al so dikwels gevra en beantwoord is? Of die skynbaar eindelose uitdink van nuwe antwoorde? Is dit nie erg dat hulle alle sekerhede, waar jy as ouer so sterk voor staan, omver gooi nie? Al lyk dit soms baie negatief, tog hoef jy dit as opvoeder nie so te benader nie. Ons

**None walk so evenly with God as they who are assured of
the love of God.**

- Thomas Manton

kind is op pad na die volwasseheid. Op dié pad is die kind opsoek na sekerhede. Die kind wil nie net sommer die sekerhede van die volwassenes oorneem nie. Daardie sekerhede is die volwassene s'n, waarvoor hy/sy self 'n keer gekies het, om dit sy/haar eie sekerhede te maak.

Daarom stel ons tieners hul vrae. En dis juis boeiend om te sien hoe hulle die antwoorde soek. Hulle stel hulself nogal krities teen die volwassenes op: "Kom verdedig nou 'n keer julle mening. Waarom dink julle volwassenes dat dit so en so hoort?" Dit kan tot 'n hewige diskussie lei. Dan moet jy, as ouer, jou mening gee oor jou sekerhede. So 'n proses is glad nie so sleg nie. Soms blyk dan dat ons sekerhede op niks rus nie. 'n Mooi geleentheid om weer te besef waarvoor jy gekies het. Ons tiener het sy vrae en die antwoorde nodig, om self 'sy eie wêreld op te bou'.

In hierdie periode is hulle, op intieme vlak, dikwels skaam. Tog wil hulle, in meeste gevalle, wel met u daaroor praat

Dit kom gereeld voor dat kinders op hierdie leeftyd baie opstandig teen u as ouer sal optree. Byvoorbeeld: "Hoekom moet 'n mens eintlik twee keer kerk toe gaan? Dit staan mos nêrens in die Bybel nie!" Tydens die diskussie met u kind begin u miskien steeds meer besorg raak: Waarnatoe is my kind eintlik op pad, as hy so vryblywend teenoor die diens aan die Here staan? Maar as u twee dae later sou kon luister hoe hy die saak met sy vriende bespreek, dan sou u dikwels dieselfde argumente uit sy mond hoor, wat hy eers by u gehoor het. Dan blyk: kinders gebruik die diskussies met hul ouers baie keer om hulle argumente te hoor.

Staan u vir u keuses? Hoe duideliker u argument, hoe meer bewus u keuses in die lewe is, des te groter is die kans dat u kind dit op langtermyn met hom saamneem. En ook al kies u kind soms vir ander weë, is hulle dan altyd verkeerd, omdat dit nie presies u weg is nie, omdat hulle weg anders is?

Uit alles blyk dat die puberteit 'n lewensfase is waarin 'n kind baie van ouers vra, en ook baie aan die ouers vra. En as ons hierdie kant daarvan sien, dan is die puberteit eintlik 'n lewensfase wat ons baie positief kan benader. 'n Tyd waarin die ouers ook baie tyd moet belê in hul kinders, want al lyk dit asof hulle alles self wil uitvind, hulle het hul ouers so nodig! Ouers is die aandraers van hulle boustene. Dit beteken vir die ouers: belê in die toekoms. Bou aan die volgende geslag.

Die kinders sal ook gereeld met allerlei vrae op seksuele terrein kom. In hierdie periode is hulle, op intieme vlak, dikwels skaam. Tog wil hulle, in meeste gevalle, wel met u daaroor praat. Die klimaat waarin dit gebeur is baie belangrik. 'n Paar leidrade: Was die kinders al gewoonnd daaraan om baie met u te praat? Ook oor sake van die hart? Oor vertroulike sake? Is daar wedersyds 'n sfeer van vertroue? Is daar respek vir mekaar?

Dit is goed om baie aandag te bestee aan 'n vertroude tuis-basis. Laat die kinders opmerk dat hulle welkom is by die huis. Nie net liggaamlik nie, maar ook met hul sorg en vrae. Dit beteken dat u, as opvoeder, soms opofferings sal moet maak: jou gunsteling TV-program afsit, die koerant met die interessante artikel aan die kant skuif, jou nagrus 'n bietjie uitstel.

Baie kinders het in die puberteit vir die eerste keer 'n ernstige liefdesverhouding. Dit kan emosioneel baie moeilik vir hulle wees. Van die begin af is dit goed om as ouers met die kinders 'n oop gesprek daarvoor aan die gang te hou. Dit is goed om op hoogte te bly van hulle idees oor verlief wees en uitgaan. Nie slegs as die kontrolende oog nie, maar ook as die ouer wat die geluk van sy kind soek.

Daar is verskeie boekies wat die kinders self kan gebruik om die Here se weg te leer oor wat uitgaan en verlief wees inhou. Sulke boekies kan hulle aanspoor om oor hul verhouding na te dink en bewustelik daarmee om te gaan. Ook voor die oë van die Here. Dit beteken nie dat u dan alles maar aan die boeke kan oorlaat nie. U moet self ook in gesprek bly met u kind, ook of selfs juis oor die liefdesverhouding, sodat u weet wat in u kind leef en u as ouer kan meeleeft.

Die evangelie is die basis vir die gelowige se sekerheid, terwyl die Gees die rede vir sy sekerheid is.

- JCP Cockerton

Help! My kind gaan uit

So sal baie ouers stilweg reageer as hulle seun of dogter tuiskom met die mededeling: “Ma, ek het ‘n ou/meisie!” Natuurlik is jy bly vir jou kind, maar met wie kom hulle nou-nou by die huis aan? En hoe gee jy daardie ou/meisie ‘n plek in die gesin? Hoe kan jy die uitgaantydperk eintlik goed begelei? Wat is vir die kinders privaat en wat moet bespreekbaar wees? Laat jy hulle alleen by die huis? Mag hulle saam op vakansie gaan? Hoe dink hulle oor gemeenskap voor die huwelik?

Dit is somaar ‘n paar vrae wat op jou afkom as jou kind ‘n ou/meisie kry. Gelukkig leef ons in ‘n tyd waarin genoeg boeke beskikbaar is. Dié kan ons vir ons kinders aanskaf. Ondanks dit bly u insette die belangrikste. U kind wil graag weet hoe u oor die dinge dink. Dit is meer waardevol as wat in enige boek staan. Soek geleenthede om met die kinders in die uitgaantydperk te praat!

Wat bespreek ‘n mens dan met jou kinders?

Sonder om ‘n volledige opsomming te gee, word hieronder ‘n paar punte genoem. Daar moet wel bygesê word dat mens die een onderwerp bespreek met kinders wat nog pas in ‘n verhouding is, en die ander met kinders wat al ‘n rukkie uitgaan. As ouer moet jy probeer aanvoel watter onderwerp jy kan aanraak. In sommige gevalle kom die kinders miskien self met hul vrae.

Nog ‘n leidraad: Moenie begin deur met die vinger in die lug allerhande dinge te gaan verbied nie. Probeer ‘n gesprek aan die gang te kry, waarin jy die kinder eers vra: “Hoe dink julle hier en daaroor?” En sê dan hoe jy as ouers dit beleef het. Laat, as dit kan, die Bybel saamsprek: Wat sê die Here daarvan? En hoe mooi sal dit wees as die gesprek só kan verloop dat jy na afloop daarvan kan sê: “Sal ons nou voor die Here buig en hom bid om sy seën oor ‘n goeie verhouding?” Of: “Sal ons saam die Here vra of Hy ons wil help om heilig voor Hom te lewe, ook met ons liggaamlike verlangens?”

Die aanleiding vir ‘n gesprek oor hierdie dinge kan ‘n spesifieke gebeurtenis wees, of ‘n artikel in die

koerant. En dit kan soms op sulke besondere oomblikke gebeur: As pa of ma besig is met kosmaak, tydens die skottelgoed, net voor die kind bed toe gaan. Moenie die gesprek uit die weg ruim nie, ook al lê dit soos ‘n berg voor jou. Later sal die kinders u baie dankbaar daarvoor wees, dat u saam met hulle gedink het, en veral dat u vir en saam met hulle gebid het.

Nou eers die moontlike gesprekspunte:

- Weet jy wat die verskil is tussen verliefdheid en liefde?
- Weet jy hoe pa en ma mekaar ontmoet het?
- Praat julle ooit saam oor die geloof?
- Bid julle soms saam, ook vir julle verhouding?
- Watter grense stel julle op die terrein van die seksualiteit?
- Saam in die kamer?
- Saam op vakansie?
- Gebrek aan vertroue of liefde van ouers.
- Die verskille tussen man en vrou.

As ons eers as hulle uitgaan met hulle oor hierdie onderwerpe praat, is dit al te laat

Voorbeeld

Miskien kan u self nog aan iets dink wat u by die lys kan byvoeg. Om oor hierdie sake te praat is in hierdie tyd nog belangriker as in vroeër dae. Wat ‘n wêreld kom daar op ons kinders af! Seks voor die huwelik het die mees normale saak ter wêreld geword. Jy is agter die tyd as jy ‘n meisie het en nog nooit saam met haar in die bed was nie. En kyk maar om jou heen, kyk maar na die TV – mense wat mekaar skaars ken, maak meer uitgebreid kennis in die bed... En as ons die pers kan glo, is dit in sommige gereformeerde studentekringe nie baie beter nie...

Op so ‘n wêreld moet ons ons kinders voorberei, hulle selfs daarteen wapen. Want hulle leef reg in die middel van hierdie wêreld. En die verleiding is so groot!

The same church members who yell like Comanche Indians at a ball game on Saturday sit like wooden Indians in church on Sunday.

- Vance Havner

As ons eers as hulle uitgaan met hulle oor hierdie onderwerpe praat, is dit al te laat. Maar – liewer laat as nooit.

Wat baie belangrik is by die hierdie benadering, is ons eie lewensstyl as voorbeeld vir ons kinders. Byvoorbeeld: watter TV-programme laat ons in ons huis toe? Is ons daarin nie al besig om allerlei norme en waardes ten opsigte van die huwelik af te breek nie? Die sogenaamde ‘seepies’ bou mos niks op nie? Dit breek net af. Om oor allerlei (romantiese) fliëks maar te swyg.

Die huwelik as geskenk van God het in hierdie wêreld al lankal verdwyn. En as ons maar net bly saamkyk en saamluister na alles wat opgedis word, bring ons, sonder dat ons dit noodwendig besef, hierdie wêreld in ons huis in. Dan lyk dit asof ons aan so ‘n lewenswyse goedkeuring gee. En ons kinders gaan dink dat so ‘n lewenswyse mooi is, of nog erger, normaal is.

Maar ook: hoe gaan pa en ma in die huwelik met mekaar om? Hoe staan hulle teenoor die seksualiteit? Geniet hulle ook van mekaar? Is die seksualiteit vir hulle ‘n uiting van hul liefde vir mekaar, of is dit die bevrediging van eie behoeftes? Is hulle daarin ook ‘n voorbeeld vir die kinders? Is hul liefde en sorg vir mekaar daarby ook sigbaar? Laat ouers ook sien dat hul lewe voor die Here in hul huwelik, vir hulle alles is? Dat dit die bron is waaruit hulle hul liefde vir mekaar put? Dit sal sekerlik sy invloed hê op die manier hoe kinders na die liefde leer kyk.

Ideaalbeeld?

Dit lyk miskien asof ‘n ideale beeld hierbo geskets is. Baie kinders dink byvoorbeeld op ‘n bepaalde leeftyd nie daarvoor om met hul ouers oor verhoudings te praat nie. Gelukkig word daar dan dikwels wel met ander oor hierdie dinge gepraat. Met vriende of ouers van vriende. Want daarvoor praat, dít wil hulle, ongetwyfeld. Maar by die huis is dit soms te bedreigend. Te naby. Dit blyk ook soms dat kinders in hul uitgaantyd by die ouers van die een wel kan praat, maar by dié van die ander nie. Moet veral nie jaloers daarop word nie. Wees bly dat hulle praat. Om van twee kante af steeds

dieselfde verhare te moet hoor is ook nie nodig nie. Die houding in hierdie gesprekke met ons kinders moet veral luisterend wees, en nie slegs lerend nie. Wat sê my kind presies, en hoekom? As ons steeds maar sê: “Dink daaraan, jy mag nie dit nie en jy moet daardie dinge doen”, dan neem ons ons kind se eie verantwoordelikheid weg. Dit geld vir elke opvoedingsituasie.

Oor die verskille tussen mans en vrouens, die omgaan met selfbevrediging en die begeleiding van kinders in uitgaan- en verlowingstyd, sal ons in die volgende artikel aandag gee.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Niemand sal sê: “Daar is geen God” totdat hy nie so verhard is in sonde dat dit vir hom belangrik is dat daar geen God sal wees wat hom tot verantwoording roep nie

- Matthew Henry